

# Ladybird

Pre-Primêre skool Pre-Primary school
67 Oliewenhout laan
Val de Grace
012 804 2583

## Ladybird Kleuterskool aansoekvorm

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aansoekdatum: | | Begindatum: | |
| | | Klas: | |
| Waar het u van ons gehoor? | | | |

## Leerderinligting

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van: | | Huis adres: | |
| Voorname: | | | |
| Noemnaam: | | | |
| Geboortedatum: | | Program benodig: | Half dag: |
| ID No: | | | Voldag: |
| Ouderdom: | | | Verlengde dag: |
| Geslag: | | Taal voorkeur: | |
| Nationaliteit: | | | |

## Inligting van ouer(s)/voog

| | Moeder | Vader |
|---|---|---|
| Naam: | | |
| Van: | | |
| Huwelikstatus: | | |
| ID/Paspoort no: | | |
| Huis tel no: | | |
| Sel no: | | |
| Epos adres: | | |
| Posadres: | | |
| Huisadres: | | |
| Beroep: | | |
| Maatskappy naam: | | |
| Werkadres: | | |
| Werk tel no: | | |

## Broers/Susters in Ladybird

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Naam | | Klas: | |
| 2. Naam | | Klas: | |

## Naasbestaande

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Naam | | Kontak no: | |
| 2. Naam | | Kontak no: | |

## Mediese inligting:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mediese fonds: | | Medise fonds no: | |
| Huisdokter: | | Dokter tel no: | |
| Allergiee: | | | |
| Operasie geskiedenis: | | | |
| Ekstra inligting: | | | |

## Vorige skool

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam van skool: | | | |
| Hoeveelheid jare: | | | |
| Stad: | | Kontak no: | |
| Was jou kind al ooit deur die volgende geasesseer? Terapeut/Sielkundige/Arbeidsterapeut/Spraakterapeut? | | | |
| Ja (verslag aangeheg): | | Nee: | |
| Was jou kind se ore al getoets? | | Datum: | |
| Ja (verslag aangeheg): | | Nee: | |
| Was jou kind se oe al getoets? | | Datum: | |
| Ja (verslag aangeheg): | | Nee: | |
| Watter taal(e) hoor jou kind by die huis? | | | |
| | | | |

## Enige addisionele inligting waarvan ons moet weet:

| |
|---|
| |
| |

## Ons benodig die volgende met die aansoekvorm:

- Kopie van immuniserings sertifikaat
- Kopie van geboorte sertifikaat
- Kopie van ouer/voog ID
- Vorige skoolverslag/rapport

## Finansiele inligting:

1. Eenmalige registrasie fooi van R1000 per kind (Ladybird t-hemp ingesluit)
2. Skoolfooie is vooruit betaalbaar. Gebruik kind se naam as verwysing.
3. Skoolfooie is betaalbaar oor 11 maande.
4. Indien kinders na Augustus ingeskryf word, sal 50% betaling verlang word in Desember maand.
5. R300 afslag indien u meer as een kind in die skool het.

| | | | 2.5% Afslag | 6.5% Afslag |
|---|---|---|---|---|
| | | 11 x paaiemente | 4 x paaiemente | 1 x paaiement |
| Dag opsie | Ure | Maandelikse fooi | Kwartaal fooi | Jaar fooi |
| Halfdag | 7:00 - 14:00 | R3 020 | R8 790 | R30 910 |
| Voldag | 7:00 - 17:30 | R3 840 | R11 180 | R39 270 |
| Verlengde dag | 6:30 - 18:00 | R4 100 | R11 940 | R41 910 |

## Bankbesonderhede:

**Ladybird kleuterskool FNB - Tjek rekening Rekening no: 6251 728 9311**

Gebruik asseblief u kind se naam en van as verwysing

______________________________ ______________________________

Handtekening (ouer/voog) Datum

# Kontrak

1. Ek, die ondergetekende, onderneem om maandelikse skoolfooie te betaal vir my kind, ____________________________, wat geregistreer is vir ______________________(half/vol/verlengde dag).

2. Ek sal die skoolfooie maandeliks vooruit betaal voor of op die sewende (7) dag van die maand.

3. Ek onderneem om enige finansiële probleme te bespreek met 'n Ladybird-personeellid.

4. Ek verstaan dat Ladybird Kleuterskool die reg het om my kind se bywoning op te skort as skoolgelde uistaande is (agterstallige fooie is steeds betaalbaar).

5. Ek verstaan dat ek gepenaliseer kan word as ek my kind vroeg aflaai, of laat optel (buiten my toegekende tydraam).

6. Ek onderneem dat ek een (1) maand skriftelike kennis sal gee indien ek my kind uit die skool uit wil haal en ek verstaan dat ek verantwoordelik is vir een (1) maand se skoolfooie as ek nie die bogenoemde kennis gee nie.

7. Ek verstaan dat 'n personeellid van Ladybird Kleuterskool my kind dokter en/of hospital toe mag neem indien daar 'n noodsituasie is. As daar so 'n situasie is, verstaan ek dat ek ten volle verantwoordelik is vir alle kostes daaraan verbonde.

8. Ek onderneem dat Ladybird Kleuterskool, die eienaars of die personeel nie verantwoordelik gehou kan word vie die volgende nie:

- Beserings aan my kind op die perseel, alhoewel ons ons beste doen om enige ongeluk te verhoed
- My kind as ek hom/haar op die skoolperseel gelos het sonder toesig van 'n personeellid
- Verlore klere en items

9. Ek gee toestemming vir Ladybird kleuterskool om foto's van my kind/ers op die skool se sosiale mediablaaie en/of die skool webwerf te plaas. Indoen ek nie toestemming gee nie, moet die skool skriftelik in kennis getsel word.

10. Albei partye verstaan dat die kontrak net skriftelik verander kan word indien albei partye konsensus bereik en geteken het.

11. Die verbruiker/skuldenaar gee toestemming en magtiging aan Ladybird pre-Primêr, die verskaffer, diens en/of krediet verskaffer, om:-

a) kontak te maak, inligting te versoek en verkry van enige verskaffer, diens of krediet verskaffer (of potensiële kredietverskaffer) of geregistreerde krediet buro om gedrag, profiel, betalingspatronepatrone, skuld, lokasie en kredietwaardigheid van die verbruiker/skuldenaar vas te stel; en

b) inligting te gee oor die gedrag, profiel, betalingspatrone, skuld, lokasie en kredietwaardigheid van die verbruiker/skuldenaar aan enige geregistreerde kredietburo of enige verskaffer, diens of kredit verskaffer (of potensiële kredietverskaffer (wie 'n verwysing soek met betrekking tot die verbruiker/skuldenaar se handelinge met die verskaffer/krediet verskaffer)

Geteken te________________________________________op hierdie _______dag van ___________________________

Volle name:______________________________________________________________________

# Toediening van Medisyne

Ek, ________________________________________, ouer van __________________________________
in die ______________________________(klas), gee toestemming dat 'n senior personeellid van Ladybird Kleuterskool vir my kind die volgende medikasie mag toedien indien nodig en as ek nie beskikbaar is nie.
Handtekening:______________________________________________________________________

| Medikasie | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Antiseptiese room | | |
| Antihistamien | | |
| Buscopan/generies | | |
| Panado | | |

Vul asseblief die vorm in en stuur terug saam met die aansoekvorm.

**'n Kind moet nie skool toe kom as hy/sy siek is nie.**

Geteken:............................................ Datum:...........................................

# Mediese vrywaringsvorm

As ouer/voog gee ek, ________________________________________ toestemming dat my kind ,________________________________ noodhulp mag ontvang deur Ladybird Kleuterskool personeel. Ek gee ook toestemming dat hy/sy per motor of ambulans vervoer mag word in 'n noodsituasie. Ek verstaan dat ek verantwoordelik sal wees vir alle kostes daaraan verbonde. Ek gee toestemmming vir die nood kontaknommer hieronder genoem, om vir my aksie te neem. Ek stem saam dat ek hierdie inligting sal opdateer as iets verander en ook elke 6 maande.

Geteken:............................................ Datum:...........................................

Kontaknommer:......................................................................

| Ladybird dagprogram | |
|---|---|
| 07:00 | Aankoms |
| 07:45 | Toiletroetine |
| 08:00 | Bybel |
| 08:15 | Ontbyt |
| | Temabespreking |
| | Weerkaart |
| 08:30 | Vryspel |
| 8:45-10:00 | Kreatiewe aktiwiteite |
| 10:00-11:00 | Vryspel |
| 11:00 | Temabespreking |
| | Musiek en beweging |
| | Storie tyd |
| 11:20 | Toiletroetine/was |
| 11:30 | Middagete |
| 12:00 | Slaaptyd |
| 14:00 | Toiletroetine |
| 14:30 | Toebrood jie en koeldrank |
| 14:45 | Vryspel |
| 16:00 | Opruim/was |
| 16:00-17:00 | Huis toe |

| Klasse | | | |
|---|---|---|---|
| **Ouderdom** | **Klas** | **Juffrou** | **Assistent** |
| 3 - 18 maande | Skilpad klas | Michele | Johanna |
| 18 Maande - 2 jr | Pikkewyn klas | Ellen | Ruth |
| 2 - 3 jr | Hasie klas | Ellen | Mavis |
| 3 - 4 jr | Bokkie klas | Elmarie | Maria |
| 4 - 6 jr | Uil klas | Gwen | Girly |
| Dinsdae | Speel terrein | Tuinman | Ozwell |
| Vroeg & laat | 6:30 to 7:00 | 16: 00 to 18:00 | Liesbeth |

| Week 1 | Monday | Tuesday | Wednesday | Thursday | Friday |
|---|---|---|---|---|---|
| Breakfast | Mieliepap | Oats | Mieliepap | Oats | Mieliepap |
| Morning snack | Savoury Biscuit | Fruit | Savoury Biscuit | Fruit | Savoury Biscuit |
| Lunch | Chicken + pasta + mixed veg (a la king) | Pap + Sauce + Fish fingers/Bacon/Meatballs + Peas | Mince + Rice + Mixed veg (Bolognese) | Potato mash + Pie/Fish cake + Sauce + Mielies | Vienna + Tomato sauce + Roll |
| Babies Lunch | Butternut Mash | Broccoli + Sweet potato mash | Gem squash mash | Potato + Carrot mash | Sweet potato mash |
| Afternoon snack | Sandwich - Peanut butter | Sandwich - Jam | Sandwich - Jam + Peanut butter | Sandwich - Peanut butter | Sandwich - Jam |
| Dinner | As lunch | As lunch | As lunch | As lunch | As lunch |

| Week 2 | Monday | Tuesday | Wednesday | Thursday | Friday |
|---|---|---|---|---|---|
| Breakfast | Oats | Mieliepap | Oats | Mieliepap | Oats |
| Morning snack | Fruit | Savoury Biscuit | Fruit | Savoury Biscuit | Fruit |
| Lunch | Macaroni + Mince + Mixed veg (bolognese) | Potato mash + Pie/fish cake + Sauce + Mielies | Pap + Sauce + fish fingers/bacon/meatballs + Peas | Rice + Chicken + Mixed veg (a la king) | Egg + Tomato sauce + roll |
| Babies Lunch | Broccoli + Sweet potato mash | Potato + Carrot mash | Butternut mash | Sweet potato mash | Gem squash mash |
| Afternoon snack | Sandwich - Jam + Peanut butter | Sandwich - Peanut butter | Sandwich - Jam | Sandwich - Jam + Peanut butter | Sandwich - Peanut butter |
| Dinner | As lunch | As lunch | As lunch | As lunch | As lunch |

## Visie en missie:

Ons leuse is: "**As ek dink ek kan, dan kan ek!**

Ons streef daarna om 'n liefdevolle, warm omgewing te skep waar u kind kan groei en leer!

Ons missie: is dat elke laaste een van ons leerders ons skool verlaat met 'n sterk sin van vasberadenheid en vertroue in die toekoms. Ons is gefokus daarop om vir elke kind individuele aandag te gee, sodat hulle al die kern emosionele vaardighede kan ontwikkel wat hulle nodig het in die laerskool.

By Ladybird glo ons dat kinders leer deur te speel. Dus moedig ons elke kind aan om so veel as moontlik te speel.

## Wat ons aanbied:

Ons is 'n geregistreerde kleuterskool en ons volg die NCF Kurrikulum soos voorgeskryf deur die Department van Opvoeding, maar ons het dit aangevul met ons eie privaat kurrikulum. Ons volg 'n nuwe tema elke week en al ons prentjies, taalaktiwiteite, liedjies en boeke gaan oor hierdie tema.

Ons is oop gedurende skoolvakansies, maar ons doen geen akademiese werk oor hierdie tyd nie. Ons sluit vir 3 weke elke Desember. Ons is ook toe op openbare vakansiedae, en 'n paar ekstra dae wanneer 'n openbare vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val.

Instappies word elke kwartaal gereël en dit is verwant aan die tema in daardie kwartaal. Gelde vir die instappies sal vasgestel word wanneer die instappie aangekondig word en die gelde is vooruit betaalbaar.

Ons laat elke jaar foto's neem by die skool, ons het 'n jaarlikse konsert met 'n Graad R gradeplegtigheid en baie ekstras vir enige spesiale geleentheid bv: Paasfees of lentedag.

Ons bied buitemuurse aktiwiteite aan. Doen asseblief navraag vir die nuutste lys.

## Veiligeid:

By Ladybird glo ons dat veiligheid baie belangrik is. Die skool het uitstekende veiligheidsmaatreëls insluitende CCTV kameras, elektriese toegang, buurtwag, asook gewapende reaksie.

U moet ons asseblief laat weet as iemand buiten die gewone ouer/voog u kind by die skool gaan kom optel.

Ons juffrouens is opgelei in noodhulp en ons het 'n gemerkte, goed toegeruste noodhulpsak op die perseel.

Die hele perseel voldoen aan alle veiligheids regulasies wat verband hou met brand, en ons oefen maandeliks ons veiligheidsnoodplan met die kinders.

## Kommunikasie met ouers:

Ons hoof bron van kommunikasie met ouers is 'n WhatsApp-groep vir elke klas. Ons sal u laat weet van komende gebeurtenisse, snoepie, tema van die week of enigiets anders wat u moet weet.

Ons vra vriendelik dat u asseblief die WhatsApp-groepe slegs gebruik tydens besigheidsure.

Ons het ook 'n baie aktiewe Facebook blad (https://www.facebook.com/LadybirdKleuterskool) wat ons op 'n gereelde basis opdateer. Alle foto's wat geneem word by die skool of skool gebeurtenisse sal op die Facebook blad geplaas word.

Ons is altyd beskikbaar vir enige ouer met vrae of bekommernisse. Ons het 'n oopdeur beleid.

## Aankoms en vertrektye:

Kinders wat ingeteken is vir die verlengde dag, mag vanaf 6:30 by die skool aankom en die res van die kinders vanaf 7:00. Ouers MOET 'n kind oorhandig aan 'n personeellid.

Wanneer u die kind optel, mag die kinders wat ingeteken is vir die verlengde dag tot 18:00 bly en die res moet teen 17:30 opgetel word. Voldoen asseblief streng aan hierdie tydsraamwerk.

Die verlengde dag opsie is geldig as die kind vroeg afgelaai word OF laat opgetel word. Bv: as die kind teen 6:45 afgelaai word, maar word 16:00 opgetel, is die verlengde dagfooi steeds betaalbaar. Soortgelyk, as die kind 8:00 afgelaai word maar word 17:45 opgetel, is die verlengde fooi betaalbaar.

## Ladybird se siekte-protokol:

- Kinders wat enige van die volgende simptome wys sal nie toegelaat word om skool toe te kom nie, en ons vra dat ouers asseblief siek kinders onmiddelik by die skool kom haal sou hulle enige simptome wys.

  1: Koors
  2: Enige lugweg siektes, hoes
  3: Diarree, opgooi, of maag krampe
  4: Uitslag op enige deel van die lyf
  5: Enige oog siektes
  6: Mond sere
  7: Kopluise

- Kinders mag nie skool toe kom indien hulle op antibiotika is nie.
- Let wel, omdat siek kinders glad nie skool toe mag kom nie, sal GEEN medikasie gegee word nie.
- Ouers moet asseblief verseker dat hulle ten alle tye telefonies beskikbaar is sou ons benodig dat 'n kind by die skool gehaal moet word. Ouers moet ons asseblief so gou as moontlik laat weet sou hulle kontak besonderhede verander.
- Ons vra dat ouers geen kosblikke inpak vir kinders nie - Dit veroorsaak dat kinders kos deel en dalk so kan siek raak. Ons bied ontbyt, middagete en 2 versnapperings per dag aan, dus kry die kleintjies genoeg kos by die skool.
- Skooltasse sal slegs maandag skool toe gestuur word met genoeg klere, doeke, melk, en wet wipes vir die week, en die tasse sal elke vrydag huis toe gestuur word. Ouers moet asseblief seker maak dat elke maatjie hulle eie paslaken en kombers (duidelik gemerk) het - die skool mag nie paslakens voorsien vir maatjies wat nie een het nie, en maatjies mag nie op 'n matras slaap daarsonder nie.
- Alle ouers moet asseblief altyd 'n spaar stel klere inpak vir hulle kinders. Dit is nie net vir glipsies nie, maar ook as hulle vuil of nat word as gevolg van sand- of waterspel.

## Speelgoed:

Kinders mag glad nie speelgoed skool toe bring nie. Voldoen asseblief streng aan hierdie reël want dit veroorsaak konflik tussen maats.

## Klere:

Kinders kan klere dra wat vuil mag word en wat hulle self kan uittrek (om selfstandigheid aan te moedig). Stuur asseblief 'n ekstra stel klere skool toe - nie net vir klein ongelukkies nie, maar ook vir sand- en waterspel.
NB: Gedurende potty opleiding moet u asseblief genoeg stelle klere en onderklere skool toe stuur.
Merk asseblief al u kind se klere duidelik.

## Verjaarsdae:

U is welkom om peuselhappies, koek of kolwyntjies skool toe te stuur op u kind se verjaarsdag, maar dit is nie verpligtend nie.

## Assessering:

Ons is altyd besig om ons kinders te assesseer deur die loop van die jaar en 'n rapport word Junie en Desember huis toe gestuur.

Ons sien uit na elke nuwe Ladybird :)

Kontak nommers:
Tel: 012 804 2583
E-pos: admin@ladybirdkleuterskool.co.za